# **Eendag (sal ons vry wees)**

deur

Chantal Pretorius

Aarde het sterk minerale
en die see is vol van visse.
Oppervlaktes wemel van die natuur,
en areas is woonbaar.
Mense woon op die planeet,
maar ruimtelike wesens wil regeer.

**Kreature**

6 Desember 2030

Karlien Botha woon in Durban. Dit is ʼn Vrydagoggend, en die seestrand is stil en verlate. Twee verlore seilbote vaar op die see. Hier en daar breek ʼn reusebrander op rotse en water spat teen haar gesig. Sy kyk op na die blou lug, ʼn groep seemeeue sweef vry in die atmosfeer rond. Dit lyk of helderwitte wolke op mekaar steier. Skielik verskyn ʼn groot pikswart kol wat deur die wolke breek. Wat is aan die gebeur?

Sy kyk aandagtig na die vreemde ding. Snak na haar asem toe die voorwerp halfpad bo haar kop stilhou. Dis ʼn pikswart koelronde tuig wat lyk na ʼn plat pannekoek en geel ligte wat in ʼn vierkantige vorm aan die onderkant is. Wat is die verskynsel?

Karlien bewonder die vlieënde voorwerp. Die tuig is so groot soos ʼn rugbyveld.

Die enjin is stil, vreemd. Sy luister na iets wat wel klink soos ʼn wasmasjien wat draai. Sy kan geen vensters, ankers, radar, dek, seile of vliegtuigvlerke sien nie. Dis nie ʼn boot of vliegtuig nie, maar ʼn ruimtetuig.

Sy wou nooit glo in ruimtuie nie, maar haar oordeel was verkeerd. Die wetenskapfiksie flieke word ʼn werklikheid. Bestaan buiteaardse wesens regtig?

Vinnig haal Karlien haar slimfoon uit haar denimsak. Sy tik met haar vingers op die donkerskerm. Druk die kamera opsie en neem dadelik ʼn foto. Nou kry sy bewyse dat ruimtetuie meer as net fiksie is. By die huis wil sy almal wys wat vandag op Durban se strand merkbaar was.

Uit die bloute skuif die outomatiese metaaldeure oop. Kleinerige silwerballe val uit die tuig die water in. Sy kan glad nie meer die ligte raaksien nie. Iets groter skiet uit onder die tuig. Die ding plons in die water en dryf op die bokant. Dis ʼn reuse ovaalvormige blink volstruiseier.

Binne minutus rondomtalie die ding. Blouerige elektrisiteit beweeg heen-en-weer rondom die soortvanne bal. Die elektrisiteit raak die waters, spring links na regs en verkleur die sandkorrels naby haar tone. “Eina, blikskottel!” skree sy, toe die stroom oor haar voete rol. Sy gee ʼn tree agtertoe, haar liggaam druk tussen die rotse vas en haar rug skuur teen die skerpkantige klip. Tans is sy in ʼn hoek gedryf.

Die voorwerp skiet hoog in die lug op. Kraak oop, iets loer vir haar deur die opening en die bal spat uitmekaar. Sy vou haar gesig toe met haar arms om glasskerwe te keer. Sy kyk na die stukkende dele wat

op die bokant dryf. Die skepsel land met al agt pote op die water. Die buiteaardse dier is ŉ kruising tussen spinnekop en skerpioen. Die gedrog se lang skerpgepunte stert staan penregop, reg om haar te steek. “Ek sal hier vinnig moet padgee,” aarsel Karlien. Die vreemde wese hou haar stip dop.

Die insek-dier storm op haar af. Karlien skrik, klim haastig op die rots en vlug na die piekniekareas toe. Hier en daar staan mense glimlaggend en kalm rond. Onverwags spring die skepsel op ŉ man en skeur hom uitmekaar. Mense hardloop gillend in alle rigtings rond om weg te kom. Onverhoeds kom meer skepsele na vore en val mense aan. Niemand kry ŉ wegkom kans nie, behalwe Karlien.

Karlien lê stil en plat onder die Toyota. Die motor sak toe een skepsel op die dak spring. Haar rug raak aan die onderdele van die kar. Die enjinkap sak en die bagasiebak lig. Sy sien die bruinerige insekpote onderlangs raak. Die ding beweeg in ŉ ander rigting, weg van die voertuig af. Sy skep verligte asem. Skuif onder uit en kruip agter ŉ betonmuur weg. Wat gaan sy volgende verrig?

Versigtig kyk Karlien om haar rond. Sy kry rillings regdeur haar lyf. Mense se liggaamsdele lê orals op die

teerstrate, sypaadjie en parkies rond. Naarheid stoot in haar keel op, buk en gooi op. Sy kan nie bloed hanteer nie. Wat is haar volgende roete?

Binne haar kop maak sy planne. Nommer een: Vlug na die naaste besigheid en kruip binne weg. Nommer Twee: Klim in ʼn kar en bestuur huis toe. Nommer drie: Hardloop kilometers ver weg waar die chaos begin het. Al drie klink na moontlikhede, maar is gevaarlik om op die proef te stel. Watter een is die veiligste en beste opsie?

Voor haar oë staan ʼn wit bakkie se motordeur wawyd oop. Sy klim in, gelukkig is die sleutel in die stuurslot, skakel die enjin aan. Die petrolkliklig klak-klak aanmekaar en die brandstoftenk is dolleeg. Wat gaan sou nou doen?

Sy klim weer uit. Vind ʼn petrolkan agterop, gooi die tenk vol brandstof. Daarna sit Karlien vir ʼn ruk binne, kry die wiele op die pad. Die motor neem ʼn skerp draai om die volgende hoek. Sy trap die rem toe sy die stilstaande skepsel sien. Die wiele hop op en af soos wat sy oor die ding ry. Sy kyk in die truspieëltjie na die insek. “Kry vir jou!”

Karlien staar uit die vooruit. Skielik sweef ʼn kleinerige driehoek ruimtetuig naby. Aan die onderkant

is ’n henna lig wat haar sig belemmer. Die kar skuur oor die rylaan en tref met ’n geweldige slag die koorsboom. Haar kop rus teen die stuurwiel. Alles lyk waserig om haar. Toe iemand die motordeur oopruk en haar uitsleep. Haar ooglede raak swaar, liggaam slap. Wie red haar?

Iets wit versteur Karlien se slaap. “Los my uit jou verdomde gebroedsel!” bars Karlien ontstoke uit. Sy lig haar arm voor haar gesig om die wit kol te blokkeer. “Ek gaan jou piets, glo my,” gaan sy voort met die skellerye.

Die flitslig kliek af en die kamer raak sonder lig. “Karlien Botha?” Dit klink na ’n manstem wat praat. Wat maak sy binne die vreemde kamer?

Hy ken haar naam, snaaks. “Wie is jy? Hoe kom ek hier?” Karlien staan regop, voel die skurwe betonmuur onder haar vingertoppe. Waar op dees aarde is sy?

“Ben Kruger,” stel hy homself bekend.

Karlien ken vir Ben – die bullebak – die kuberkraker. Hy was vir sewe dae agter tralies, blameer sy rekenaar daarvoor. Hy het geheime kodes gebruik. Toe op sosiale media bekendes se salarisstrokies daarop versprei. Sy kry ingedagte ’n spelende glimlag

om haar mond. “Jy het my gered, dankie,” raak sy kalm, en hy knik.

Ben sug hardop. “Die buiteaardse wesens val ons aan,” vertel hy haar wat aangaan.

Sonlig skyn deur die vensterruit op sy lyf. Ben sit op ʼn vrugtekrat met sy hande in sy skoot. Karlien kyk hom opsommend aan. Hy lyk verward en hare en klere is omgekrap.

Sy antwoord nie dadelik nie. “Dis waar ja,” dwing sy stemmend in. “Daai brousels vreet die mense op.”

“Ek wonder van watter planeet kom hulle af.” Hy staan van die krat af op, ondersoek Karlien se bleek en angsbevange gesig.

Karlien se skouers onwetend sak. “In die ruimte is geen einde nie. Dis dalk ʼn ster, nie ʼn planeet nie.” Die skepsele kom seker van baie ver af, wou sy sê maar bedink dit. Sy druk senuagtig ʼn swart haar agter haar oor in.

Ben grinnik-lag. “Die hele debakel is ʼn kopkrapte storie.” Hy wou verder praat toe Karlien hom stilmaak.

Die koepeldak bewe vir ʼn paar minutus. Karlien loer uit die vierkantige ruit. ʼn Reuse skaduwee verduister die son op sekere dele. Paaie, grasperke en

geboue. Dit lyk of ’n swart kombers op die stad toesak. Wat gaan nou aan?

Karlien kry die bewerasies toe sy die moederskip sien. Deure skuif onder die tuig oop, ’n spiraalvormige blou kol skyn uit tot op die teerpad. Vyf grys wesens kom te voorskyn, kyk links na regs en loop rond. Die een is afskuweliker as die ander. Driehoekige koppe, skerpgepunte ore, visskubbe vir neusgate, lang arms, drie vingers aan elke hand, stompgepunte voete sonder tone. Blerrie lelike skepsele.

Karlien draai om, en kyk stip na Ben. Tussen sy dik swart wenkbroue is ’n diep bekommerde frons. “Ons sal hier moet wegkom,” fluister sy. Hy wonder seker wat sy bedoel.

“Wat gaan aan, Karlien?” Kan Ben nie insien hoe sy bewe in vrees nie? “Sulke gryserige wesens verken ons area.”

Hy kyk haar in skok aan. Loop stil na waar Karlien staan, kyk oor haar linkerskouer na buite. “Goeie genade! Watse wesens is dit?” Hy vra ’n goeie vraag wat syself nie kan repliek nie.

Albei kyk na die kleurlose wesens wat rondloop. Die een wys vinger na die ruit waarbinne hulle wegkruip.

Karlien en Ben raak paniekerig. Waarin gaan hulle wegkruip?

Karlien sien ŉ groterige kartonboks raak. “Kruip jy daarin weg,” moedig sy Ben aan. Sy kyk histeries rond, doer in die hoek lê ŉ wit laken. “Ek sal myself toegooi.”

“Dink jy dit gaan werk, hu?”

Karlien rol haar oë in die rondte. “Het jy ŉ beter plan, meneer Slim?”

Ben skud vinnig sy kop.

Hy klim haastig in die boks, vou die boks bo toe. Sy tel die laken op, kruip in die pikdonker hoek weg en gooi dit oor haar lyf. Gaan haar plan werk?

ŉ Deel van die laken is geskeer. Sy loer deur die opening om te kyk wat aangaan. Wetend haar nuuskierigheid kan alles belemmer. Toe blouerige elektronika die venster laat kraak en glasskerwe spat. Een of ander roetswarte ding seil in en kruip op die vloer rond. Dit lyk na ŉ tipe mambaslang met duisendpote. Die slang lig sy kop, ŉ heldergeel lig skyn aan die onderkant van sy lyf. Dit klouter op teen die mure, seil teen die koepeldak en land met al sy pote op die loopoppervlak. Ná tien minute kruip die insek-dier weer

uit die ruit. Sy sug van verligting, ruk die laken af en skep asem.

Onmiddellik staan Karlien op. Sy loop na Ben toe, maak die boks oop, hy gil. “Toemaar, Ben, dis ek.” Ben se kopergroene oë sit diep in sy kop. Hy was vreesbevange wie die boks nou oopmaak. “Ons is veilig,” lig sy hom in.

Ben klim uit die boks en vra: “Wat was die ding?” wil hy weet en skud stof van sy klere af.

“Wat wou die slangkop hê?” Is eintlik die regte vraag. “Dit was ’n duisendpoot met ’n slang lyf,” lig sy hom in.

Ben skud ingedagte sy kop. “Lyk my die wesens het ander planne. Ontwikkel insekte en diere in gevaarlike spesies.”

Karlien stem knikkend saam. “Ons mensdom is in groot moeilikheid.” Sy loer weer eens uit die stukkende venster. Geen lewende wesens kan sy sien buitekant nie. “Dis tyd om te trek, Ferrari,” terg sy, en Ben knik.

By die dubbelstaaldeure druk Karlien die deurhandvatsels af. Die deure maak sy op ’n skrefie oop, dis stiller as ’n muis buite. Dis tyd om buitenshuis te

gaan. Sy en Ben kan nie die hele naweek hier binne skuil nie.

Karlien kyk na die groente en vrugte winkel. Sy verduidelik aan Ben wat haar volgende plan is. Sy hardloop na die agterdeur toe, ruk en pluk aan die houtdeur. Verdomde deur is gesluit!

Ben raak aan haar linkerskouer. Karlien hop soos sy skrik as gevolg van sy aanraking. Sy draai om en kyk stip na hom. Wil hy haar ʼn hartaanval gee, verdomp?

Naby Karlien is die geluide van fladdering. Dit klink na reuse vlerke wat klap, toe iets haar oog vang op die sinkdak. Sy lig haar kop, kyk in twee pikswart stervormige oë vas. Nie alweer nie!

Ben kyk ook na die ding. “Wat maak ʼn paradyskraanvoël in Durban?”

“Ek weet min van die bloukraan af.” Die soort se silwergryse liggaamsvere en ekstralank vlerkpuntvere hang oor die dak. Die krokodilbene laat Karlien gril. Die lang skubberige nek en die sestig sentimeters lank snawel lyk wreed. Die voël dans, buig sy kop en hap-hap heeltyd na hulle toe. Waarheen gaan hulle vlug?

“Watse kreature is nog in Durban?” vra Ben skrikkerig.

Karlien haal haar skouers op. “Ons begin alles uit te vind.” Ben se oë rek in skok oor al vandag se gebeure.

“Wat is die beste plan van aksie?” Al wat Ben die hele tyd vra is vrae wat onopgelos bly. Hy is skerpsinnig, maar sy is die held in die storie.

Sy kyk stip na hom en sê: “Hardloop, dêmmit!”

Karlien en Ben hardloop in dieselfde rigting. Karlien voor en Ben op haar spoor. Die bosse is naby. Albei gaan kruip agter ŉ dik boomstam weg. Hulle huig na asem, harte wat onreëlmatig vinniger klop en sweet wat hulle aftap. Hulle al twee lyk nes standbeelde.

Die geklap van vlerke laat Karlien opkyk. Die voël vlieg bo die bome, sweef in die lug en land op ŉ boomtak. Karlien kan nie glo wat haar oë sien nie. Langs die voël is ŉ nes, en in die broeiplek is pikswart babas wat vleis gevoer word. Sy onthou die ovaalvormrige eier op die seestrand. Kan dit waar wees?

Sy fluister na hom. “Die ding broei kuikens. Ons is nie meer veilig in die woud nie.” Sy wys met haar wysvinger na die broedsels.

Hy kyk aandagtig na die bloukraan en skud sy kop. "Kuikens? Een of ander nuwe kruising wat ek nooit wil ontmoet nie."

Karlien se verstand werk oortyd. Wat is haar volgende plan? Al waaraan sy dink is verdomde planne. Nou is die tyd vir oorlewing – die spel behoort aan die kreature en buiteaardse wesens. Dis ŉ kat en muis spel: jy wen of jy verloor. Wie gaan wen?

Sy maak ŉ voorstel. "Ons beweeg vorentoe. Kruip agter bome en bosse weg. Ons sal wel die teerpad vind." Wat vir hulle wag om elke hoek, bekommer haar.

Ben stem kopskuddend in. "Nou maar goed dan. Jou planne werk altyd uit." Lyk my sy is die een met die voorstelle nou.

Met elke tree raak die situasie onveiliger. Karlien en Ben klim oor houtstompe, klippe en klein bossies. Die bome reik na die hemele, dans saam met die wind en takke lyk na geraamtes. Die woud is glad nie ŉ avontuur nie. Hulle kom by ŉ groot oopveld, staan stil op een plek en snak na hul asems.

Die veld is vol silwerrooie eiers. Dit lyk onbekend. Een spesie wat sy die meeste vrees is die

vleisvreters – die skerpioen-spinnekop gedierte. Sy wonder aan watter gedrog die eiers aan behoort.

Die grasperk beweeg onder haar voete. Hier en daar is diep uitgrawings naby die eiers, iets kruip uit en kom te voorskyn. Die rooi kangaroe spring nader, ruik in die lug en kyk rond. Die ding kan hulle nie sien nie, dis ŉ soort blindemol. Hulle wil lag, maar los dit. Glo die springer is skadeloos.

“Wat ŉ deurmekaarspul,” sê Ben glimlaggend.

“Raar maar waar.”

Die kangaroe-mol gee ŉ hengse sprong. Gryp Ben aan die arm, skiet sy lyf in die lug op en hy land op die gras neer. Hy lê meters van haar af weg, hoor hom gil. Sy draai stadig om, staan stil. Ben se arm word ingesluk. Hoe gaan sy hom red?

Karlien gryp ŉ stuk hout wat op die gras lê. Slaan die blinde kangaroe daarmee teen die kop. Die ding sak inmekaar op die gras neer. Sy gil in woede. Sy het nou genoeg gehad van buiteaardse kreature.

Sy hardloop die lang graspaadjies af. Sy buk langs hom, haar oë brand, wange klam. Sy voel aan sy pols, nog warm, maar geen hartklop nie. Ben is dood, lê in sy eie bloedkol, arm is afgeruk. Wanneer gaan alles end kry?

Sy sal haar kop bo water moet hou. Tyd om vreesloos te raak. Tyd om ’n dikvel te groei. Tyd om sterk te bly. Sy verstaan nie die rede vir die aanval nie. Wat soek die wesens hier?

Dit is skielik stil om haar. Sy vertrou nie heeltemal die vrede nie. Sy gebruik die voorreg om Ben in die woud te begrawe. Skiet ’n gebed op, plak klippe op die hoop grond en druk ’n stok bo-op. Dis die beste wat sy kan doen.

Uiteindelik kom sy by die teerpad uit. Sy gaan sit op ’n stomp klip, haal onreëlmatige asem en hou haar emosies in toom. Sy wil nie Ben in haar gedagte terugroep nie. Te veel ondraaglike dinge vandag gebeur. Alles raak net te erg.

Die geluide van wasmasjiene keer terug. Uit die bloute draai ’n lang tou om haar lyf en ruk haar op. Sy onthou die knipmes in haar denimsak. Grou die mes vinnig uit, sny die pikswart string af. Sy val met ’n harde slag op die teerstraat. Kyk na die tuig wat in die lug hang. Wat gaan volgende gebeur?

Karlien lê stil op die pad. Sy wil eenvoudig nie opstaan nie. Haar liggaam is seer van al die hardloop, verstand moeg en siel kapot.

Die snaakse vlieënde objek sweef in die lug. Klomp voëls vlieg om die tuig asof dit natuurlik so hoort. Regsom die tuig is helderoranje ligte, seekat-kop met voelers en meter lange swart stringe onder. Die aardige ding het haar gegryp.

Dis sowaar die Vrydag van die skepsele!

“Hoekom wou die seekat my vang?” stel sy die vraag op.

Karlien staan na minutus stadig op. Sy kruppel-loop die pad af totdat helderwitte ligte op haar afgepyl kom. Skree vir die voertuig om te stop. Die remme kreun toe die motor ŉ ent van haar af stop. Sy sug van verligting.

“Kyk waar jy ry, verdomp!” skel sy hardop.

ŉ Motordeur swaai oop, slaan weer toe. “Is jy okei?” vra die vrou en kom nader met bekommernis op haar gesig. “Waar kom jy vandaan, kind?”

“Ek kom van orals af,” is die regte antwoord. Sy het ŉ bolla teen die kop, rok hang aan haar skraal lyf en dra sandale. Haar voorkoms is slonserig, maar in die situasie voel sy vere.

Die vrou waai met haar hand Karlien nader. “Klim in die kar. Jy kort hulp.” Die vrou klink simpatiek teenoor haar.

Karlien knik om te bevestig.

Ná twintig minute lig die kar se wiele op. Karlien kyk uit die voorruit na buite. Wat gaan nou aan? Een reusagtige raafswart ruimtetuig is bo die motor. Aan die onderdeel is ʼn swartgrys magneet wat die kar op en af laat wip. Sy kan duidelik die masjien se suising skerp hoor en druk haar hand teen haar ore. Sy draai haar kop skuins, kyk vir die vrou wat dieselfde doen.

“Klim uit die kar!” por Karlien haar aan.

Sy knik. “Tel tot drie…” Waarom moet hulle tot drie tel? Dit klink of sy terug is in graad-1.

“Een… Twee… Drie!”

Al twee spring uit die motor, land op die teerpad. Die motor styg op in die lug en sit aan die magneet vas. Sowat dertig tuie kom te voorskyn en vorm een reuse moederskip. Onder die magneet sit allerhande soorte yster vas. Voertuie, fietse, sinkplate, pype en muntstukke. Wat wil die wesens daarmee maak?

Karlien hou die ding stiptelik dop voordat sy opstaan. Die tuig geluidloos beweeg in ʼn linkerkantse rigting. Die enjin was stil, vreemd.

Sy kyk om haar rond vir veiligheidsredes. Nou, op die oomblik, kan enige monster uit die bloute hulle

kom aanval. Sy loop om die kattebak, soek die vrou en vind haar op die sypaadjie rus.

Die vrou hou aan haar regterkantse enkel vas, “Eina, blikemmer! My enkel is seer!”

Karlien reik haar hand uit, help die vrou regop kom. Hoe gaan hulle kruppel straataf loop?

“Ons is albei beseer. Ons kort skuiling,” besluit sy om te sê.

Die vrou wys met haar wysvinger na die oopveld. In die verte is ’n outydse Kaapse wit huis met min ronde vensters en ouhouttrappe. Wie woon daar?

“Dis my huis, klein maar woonbaar.”

“Nou kan ons rus,” is al wat Karlien uitkry.

Sy stem in. “Ek is Elise Krige. Wie is jy?” sy stel belang in Karlien.

“Aangename kennis, Elise. Ek is Karlien Botha. Sy gesels met haar oor ditjies en datjies en kruppel-stap woning toe. “Waarheen was mevrou op pad?”

Elise se skouers lig. “Ek is opsoek na my seun, Ben Krige.”

Karlien vat senuagtig aan haar linkerskouer wat pyn. “Die kuberkraker?”

“Ja,” antwoord Elise.

Sy sit Elise op die houttrappe neer. Vertel haar alles wat gebeur het. Elise se oë blink vol trane. “Hy is dood, mevrou Krige. Ek is baie jammer daaroor.” Verder kry sy glad nie meer woorde uit nie. Haar onderlip begin te bewe, wange raak nat. Karlien sit langsaan haar en Elise se hand beland op hare. “Dis alles die kreature se skuld.”

Elise sluk haar trane af. “Ons sal die oorhand kry, hartjie. My seun se dood sal gewreek word.”

Karlien antwoord nie terug nie.

**Die skepping**

7 Desember

Karlien skrik Saterdagoggend wakker met ʼn tinteling op haar vel. In skok toe sy abnormale groot spierwit miere op haar liggaam sien. Die miere het ses silwer robot-bene weerskante van hulle lywe. Een groot ligblou ronde kol in die middel van hulle koppe. Uit die ronde sirkel kom laserstrale en skyn op haar kaal arms. Die miere se arms en bene druk soos naalde in haar vel, “Ouch!” Wat vang die goed met haar aan?

Die miere trek haar bloed en verander na rooi. Die laserstrale beweeg op en af haar arms, vat die hare en ander word menskleurig. Die robotte soek haar DNS.

Toe een robot se bene en arms in haar nekwerwel inslaan. Sy gil in pyn. Probeer die ding van haar nek af te kry, maar dit muslik. Sy is nou gebrandmerk.

Skielik gil Elise in die ander slaapkamer. Karlien slaan die robotte van haar lyf af, spring uit die bed en hardloop na haar toe. Sy skrik. Haar hele lyf is betrek met die robotte wat hulle kloue in haar slaan. Hoe gaan sy Elise help?

“Help my, Karlien! Miere vreet my op!”

“Die robotte skandeer ons. Hulle vat ons bloed, velle en hare. Wil seker ons evalueer.” Sy is self nie seker oor haar feite nie, maar verstaan wat aangaan.

“Help my seblief. Ek wil leef.”

Karlien probeer die mier-robotte uit haar bobene te trek. Niks wat sy verrig werk nie. Die robotte klou soos kougom aan ŉ kombers vas. Skakerings van miere storm op haar af. Sy gryp ŉ knopkierie wat teen die bedkassie staan en slaan dit flenters. Blouerige strale vloei uit, robotte vrek. Skielik transformeer elkeen in gewone grootte miere, kry vlerke en vlieg uit die skuifvenster. Sy kyk na Elise wat op haar tande kners in pyn. Die miere kruip onder haar vel, kriewel in haar nek, brein toe. Haar bruin oë verander na helderblou toe. Sy kry die stuipe op die dubbelbed, ná minutus lê sy stil en staan regop. Wat is nou aan die gebeur?

Iets voel vir Karlien nie pluis nie. “Mevrou Krige?”

“Elise is weg. Ons beheer haar nou.” Haar stem klink anders, nie meer vroulik nie, maar na ŉ radiosein.

Elise roer nie ŉ been of arm nie. Haar mond gaan wawyd oop en honderde miere kom uit. Die robotte loop orals op haar liggaam rond. Uit die bloute neem die miere die vorm van ŉ reusagtige een aan. Die ding se laserstraal skandeer haar van kop tot tone. Haar

liggaam vries terwyl ’n skok gevoel deur haar are vloei. Sy kan glad nie beweeg nie. Die mier kom nader, voelers streel oor haar gesig en verlaat die kamer.

Karlien se lyf is tam. Haar bene gee onder haar in, sy sak inmekaar op die mat neer. Sy is energieloos. Wit elektrisiteit beweeg oor haar lyf, voel soos naalde wat steek. Haar arms kry ’n allergiese reaksie daarvan. Rooi kolletjies slaan op haar arms, hals en nek uit. Iets abnormaler is besig om met haar te gebeur. Haar oë raak swaar, alles word swart om haar en raak in ’n diep slaap.

’n Halfuur later skrik Karlien wakker. Sy staan op van die rooi mat, kyk rond, opsoek na Elise. Sy is nêrens te vinde nie. Waar is Elise?

Die reuse mier-robot beheer Elise se liggaam, verstand en uitsprake. Sy kan nie meer normaal funksioneer nie. Al bly sy mens, behoort sy nou aan die buiteaardse wesens. Karlien wonder waarheen die malmier op pad is.

Karlien staan voor die lang muurspieël. Sy lyk na ’n kleurlose mot wat glad nie kan verander nie. Haar swarthare staan in alle rigtings. Sy is bleek om die kiewe, persblou kolle wys op haar arms en swart strepe

onder haar oë. Sy was heelaand op en wakker en bekommerd oor alles. Hoe gaan die chaos ophou?

Die robot kriewel in haar nek. Sy probeer weereens om die robot af te ruk, maar haar poginge misluk. Draai haar kop skuins, kyk na die ding wat haar lewe oorheers. Gaan sy vir ewig met die robot in haar nek lewe?

Karlien trek die laaikas oop en haal klere uit. Sy trek ’n skoon denim, V-nek blou bloes aan en vou die veters se tekkies vas. Sy het vroeër haar gesig, onderarms en nek gewas. Sy is uiteindelik gereed om die dag aan te pak.

In die kombuis eet sy ’n kaas toebroodjie. Drink twee koppies koffies wat haar krag gee om verder te baklei. Sy slaan haar vuiste wit op die koskaste en die marmerblad kraak. Wat vang sy tans aan?

Karlien snak na haar asem. Heldergeel elektrisiteit rol oor haar vingers en brand die kaste swart. Sy speel met die krag op haar vingertoppe. In haar binneste kry sy minder vrees om al die skepsele te vernietig.

Hoekom sal die gebroedsels haar wil help? Hulle plan is om Durban te vernietig, dan ’n nuwe een te skep.

Met al die glas-eiers, kruising van insekte en diere kan haar feite reg wees. Die mensdom is in vir ŉ ding!

Ná twintig minute verlaat sy die huis. Sy sien die ou geel bakkie raak, doen die nodige en kry die wiele op die pad. Gelukkig was die karsleutel in die paneelkissie gewees. Nou, op die oomblik, is alles verkeerd wat nie reg is nie.

Karlien ruk haarself reg. Elektronika vloei deur haar are, sy is kragtig en gaan die talent misbruik. Miskien kan sy die hele lot vernietig daarmee. Wie weet wat sy in staat is om te doen.

“Hier kom ek,” sê Karlien glimlaggend.

Karlien stop die bakkie by ŉ groot onbeboste streek. Klim uit, stel ondersoek buite en kruip agter ŉ bos weg. Sy sien kristalgeboue word opgerig. Die buiteaardse wesens gebruik mense om hulle vuilwerk uit te voer. Slawerny is die regte antwoord daarvoor. Elise is ook een van die werkers. Die mierrobotte patrolleer die veld om enigiemand onverdag te vang. Lelike wesens is die beheervoerders. Die miere vorm kristalstrukture wat tot by die hemele reik. Alles lyk vir haar kleurloos. Haar oë dwaal oor die geel grasperk. Die lug is grys, die natuur bruin en die son bloedrooi. Sy

blameer die vreemdelinge daarvoor. Wetend die krag in haar laat Durban anders lyk.

Karlien hoor takke naby haar kraak. Sy wou andersom draai toe ŉ silwer wapen teen haar kop druk. “Wat soek jy hier? Gee vinnig pad. Anders verander jy in ŉ mier-robot.” Wie kommunikeer met haar?

Vinnig staan Karlien op, draai haar lyf skuins. Sy hou die insek stip dop wat haar dreig om pad te gee. Die aardige insek het ŉ sprinkaan voorkoms. Groen lyf, lang arms en bene, swart oë en deursigtige geelgroene vlerke. Die insek praat Afrikaans met haar. Wat op dees aarde het sy mee te doen?

“Ek kom in vrede,” lieg sy. Sy kyk om haar rond, dooie sprinkane lê orals op die grasperk.

“Ons is die mensdom se vyand. Durban behoort aan ons.” Stel die ding dit duidelik aan Karlien.

Wat gaan sy volgende repliek? “Hoekom ons wil vernietig?” sê Karlien reguit vir die sprinkaan.

“Ons skep ŉ nuwe stad. Die mensdom wis alles uit. Ons herstel Durban met nuwe toekomsvooruitsigte. Al wat die mens ken is oorloë, wapens, hongersnood, diere- en plantespesies word uitgeroei.”

“Wat jy noem is waar, ja,” sy hou haar woorde min. Die verkeerde woordgebruik kan haar in diepe

waters laat beland. Die skepsele se nuwe stad lyk vaal, eerder as mooi vir haar. Karlien wil die sprinkaan vra oor haar magte, maar bedink dit. “Hoekom gebruik julle ons as slawe?” vra sy.

“Die mens is ons helpers. Nes die miere wat nooit slaap nie, net werk. Sal die mens dieselfde werk verrig.”

“Geen mens kan vir 24/7 werk nie, sprinkaan!” Die verdomde insekte is van hulle lotjie getik.

Die sprinkaan praat in haar eie taal. Tik-tak-tol. Dit klink of die insek haar vloek. Wat gaan in daai gogga se brein aan?

“Hoekom juis Durban?” wil Karlien weet.

“Durban is ryk aan suikerriet. Ons eet suikerriete. Dokke is noodsaaklik. Vissermanne sal die vis vir ons vang. Die wesens is mal oor seekos.” In die mond van ’n sprinkaan kom die waarheid uit.

“Sprinkane eet mos nie suikerriete nie?”

“Natuurlik eet ons suikerriete!”

Karlien glimlag vir haar eie onnoselheid.

Toe twee mans inmekaarval op die grasperk. Die sprinkaan wat vir Karlien vroulik klink verlaat haar en sorteer die saak uit. Karlien hardloop weg na die bakkie toe. Sy wil glad nie verder met die gogga redeneer nie.

Klim in, jaag die straat af en stop die motor op die sypaadjie.

Haar vuiste slaan uit frustrasie teen die toeter. Sy kan al die twee dae se gebeure nie meer hanteer nie. Sy laat sak haar kop teen die stuurwiel. Genoeg is genoeg!

## Verwoesting

Karlien hou die vlieënde pierings dop wat alles verwoes. Die pierings skiet rooi laserstrale uit wat chaos veroorsaak. Die laserstrale tref enige gebou, huis en voertuie met bomme. Alle infrastrukture ontplof in alle rigtings. Noord, oos, suid en wes. Sy keer met haar arms toe een staalpyp die vooruit deurboor in die passasiersitplek. Sy kon dood gewees het!

Karlien vlug uit die bakkie. Sy hou nie van die gebeurtenis nie. Durban is haar tuiste en dis aan die brand. Hoe kan sy die oorlog stop?

Witterige robotte transformeer van klein na groot. Blouerige jel neem vorm aan geboue en die kompleks krimp. Sy weet wat aangaan. Die gedrogte gebruik nanotegnologie wat sy studeer by die universiteit. Komplekse word plat getrap deur een van die swart robotte wat lyk na ʼn lamp. Bo op die lamp se kop is ʼn ronde bal lig. Dit skandeer elke infrastrukture wat weg smelt in die sement. Wanneer gaan die vreemde wesens end kry!

Nanotegnologie is die grootste probleem in Durban. Nanorobotte kan gebruik word om Durban soos ʼn kernbom uit te wis. Die lelike wesens se ruimtuie bestaan uit nanomasjiene wat baie gevaarlik is. Die stad

lyk vir haar na ’n videospeletjie. Sy is vasgevang in ’n rekenaar wat nooit afskakel nie.

Die blou laserstrale lyk na blokke wat nanotegnologie misbruik. Haar kop draai oor al die bevindings. Sy het geleer wetenskaplikes gebruik ’n nanoskaal om alles te meet. Natuurlik in nanometers, nie in gewone sentimeters nie. Tans, op die oomblik, leef sy in ’n mikrowêreld wat oorgeneem word deur intelligente wesens, kreature en robotte. Nanotegnologie is wonderlik, maar kan giftig vir die mens wees. Nanodeeltjies kan nie met die blote oog gesien word nie, en kan ingeasem word. Die wesens is besig om ons te vergiftig ook. Al wat gaan oorbly in Durban is grys oorblyfsels van mense en strukture. Die nanobotte veroorsaak amok. Is dit die einde van ons bestaan?

Wesens besit die logika om alles in Durban uit te wis. Die hele stad word gewaarsku oor die grys wesens se tegnologie. Ons almal is besig om die onbekende te leer ken. Niemand is meer veilig hier nie!

Een sprinkaan-robot vlieg op haar af. Die vreemde ding skandeer haar, vlieg weer weg. Die elektronika speel op haar vingertoppe. Sy hou haar hand uit, die krag tref die robot en dit spat uitmekaar. Sy vernietig een robot na die ander met haar magte.

Karlien glimlag. “Ek gaan julle almal vernietig! Julle vermorsel my woonplek! Vat so julle skurke!”

Skielik stop die verwoesting in die stad. Al die ruimtuie, robotte en kreature fokus op haar. Wetend sy is in die moeilikheid, maar raak vreesloos. Meer elektronika stroom oor haar arms, haar lyf is oortrek met krag. Sy is een bol elektrisiteit en haar lyf ontplof. Die kreature en wesens val dood op die loopoppervlak. Alle ruimtuie bars en stort op die aarde neer. Sy staan stil op een plek en kyk na haar sukses. Sy is die held van Durban.

Sy streel haar hande oor haar lyf. Haar lyf kry die bewerasies, maar sy lewe. Al wat vreemd voel is haar verstand en gaan sit op ’n nabye sementbankie. Probeer haarself te kalmeer deur om in en uit asem te haal. Sy wil haar kragte weer terug wen.

Karlien kyk angstig om haar rond. Die rooioranje vlamme lyk na dansende voëls wat geboue vernietig. Alles wat die mens in eeue opgebou het word verwoes. In ’n blink van ’n oog is Durban nie meer hulle tuiste nie, maar die gedrogte sin. Gaan die mens hulle lot aanvaar?

Twintig minute steek verby. Karlien wandel nes ’n spook deur die warm bedompige strate. Sy asem die

reuk van rookbolle in, maar haar immuunstelsel hanteer dit.

Karlien is magtig. Elektronika vloei deur haar are. In ’n blink van ’n oog kan sy alles verander, dalk verbeter. Wetend niks sal weer dieselfde wees nie. Sy kan almal red, glo sy sterk.

Haar lyf voel anders. Haar arms het spiere, maag is plat, vroeër se rugpyn is weg en kuite fris. Sy klouter op die muur nes ’n spinnekop. Haar vingers en handpalms klou soos gom aan die bakstene vas. Haar hande raak die sinkdak en staan regop en tuur na alles wat brand. Watse vermoëns het sy nog?

Karlien druk haar ooglede opmekaar. Voor haar oë duik beelde op hoe Durban vanoggend gelyk het voor al die drama. Mense was in vrede, vrolik en kalm. Nou skep die wesens ’n nuwe stad wat die mensdom afskrik. Ná vyftien minute keer sy terug na die werklikheid. Durban lyk steeds bleek, aaklig. Sal ons mensdom weer vry wees?

In die verte sien Karlien honderde ruimtuie aankom. Verskillende soorte tuie van klein na groot vlieg na haar toe. Wit, grys en swart tuie bly meters van haar af weg. Honderde wapens skuif uit die metaaldeure en rig laserwapens op haar. Wat gaan sy doen?

Om hande in die lug te hou gaan boggerôl help. Al besit sy nie ŉ wapen nie, is sy die teikenmerk. In haar are vloei goue elektronika wat die wesens bang maak. Is sy die vark in die verhaal?

Om Karlien se mondhoeke prikkel ŉ kil glimlag. Sy sal haar kragte verder op die proef stel. Sy spring op die volgende sinkdak. Haar spronge is grootter en sy hardloop vinniger as ŉ tier. Sy is die wesens se prooi, maar vandag sal sy bly lewe.

"Bokker julle! Vandag oorwin ek die skaakspel!" skree sy, trap mis en tuimel hande viervoet op die harde sement neer. "Dêmmit," sy vat aan haar regterskouer, haar skouer het uitgespring en druk die skouerbeen reg. Verbaas draai sy haar skouer, geen pyn nie. Lyk my sy is sterker as wat sy geraai het.

Naby haar hoor sy piep geluide. Sy kreun terwyl sy regop kom. Kyk in die stikdonker hoek na waar sy die gehuilery hoor. Iets lyk na blonde hare, vier arms en bene en ŉ klein kop. Dis ŉ mens.

"Kom uit die skaduwee, mens," gee Karlien die bevel.

Die mens kom versigtig uit die donkerte te voorskyn. Karlien kyk na die bewende vreesbevange dogtertjie wat ŉ pienk rok dra met heldergeel blomme

op. Die bruin sandale wat sy aanhet lyk vuil. Haar natuurlike blonde hare lyk deurmekaar en hang oor haar skouers. Die kind se rooi gehuilde seeblou oë kyk onseker na haar. Sy wonder of sy Karlien kan vertrou. Hoe gaan sy die kind oorreed om haar te glo?

“Waar kom jy vandaan, kinta?” klink sy kalm. Sy luister na die suis geluide van die ruimtuie wat oor haar kop weg vlieg. Dankie tog, dink sy.

“Ek kan nie onthou nie, tannie,” mompel sy en vee haar vuil hande aan haar rok af.

Karlien sug hardop moeg. “Moenie bang wees nie. Kom na my toe. Ek is mens, nie robot nie.” Lig sy die kind in om haar vertroue te wen.

Die dogtertjie skud verward haar kop.

“Wat is jou naam?” gaan Karlien voort.

“Ek kan net my naam onthou… Christie,” stel sy haarself bekend.

Karlien gee ŉ flou glimlag. “Hallo, Christie. Ek is Karlien.” Sy wuif met haar hand Christie nader. Voetjie vir voetjie stap Christie na haar toe. Toe sy omdraai wys die spinnekop inplanting in haar nek. “Ek het ook so gogga in my nek,” voeg sy by en wys die skerpioen wat kriewel.

Christie hou Karlien met groot oë dop. “Ons albei het ŉ insek in ons nek.” Die kind klink opgewonde omdat hulle met robotinsekte spog.

Karlien verander die onderwerp. “Ons beter hier padgee, Christie. Die buiteaardse wesens gaan ons vang.”

Tussen Christie se oë verskyn ŉ diep frons. “Wat is buiteaardse wesens?” Vir ŉ ses jarige is sy slim, oplettend en stel belang.

“Buiteaardse wesens leef op ander planete. Venus, Mars, Jupiter, Saturnus, Mercurius, Uranus of selfs Neptunus.” Sy noem nie die maan en son op nie, want die son is ŉ ster en die maan is die natuurlike satelliet van die Aarde. Die maan skitter nes ŉ vuilwit pêrel in die aand en die son lyk na ŉ vlammende nartjie. Sy wou dit so aan Christie verduidelik, maar deesdae se kinders is knap. “Die vreemde wesens woon nou in Durban. Ons kry nou ŉ nuwe stad om in te leef,” stel sy dit so aan Christie.

Eendag sal ons vry wees… wou Karlien sê, maar besluit daarteen. Soms is stilbly ook ŉ antwoord.

Wat mens nie doodmaak nie, maak mens sterker.

“Ek het dit nie geweet nie.” Sy glimlag breed en stel haar wit tande ten toon. Sy hou van die kind. Toe sy haar kop lig en haar vinger wys na die wolke. “Wat is daai ding?” wil sy weet.

Karlien lig haar kop op. “Dis ŉ moederskip, kinta. ŉ Massiewe een.” Sy hou nie van die grootte van die skip nie.

Metaaldeure skuif onderkant van die tuig oop. Iets wat lyk na ŉ helderblou deursigtige langwerpige waterpyp suig gillende mense op. Wit wolke lyk na katoenballe wat saampak en van kleur verander. Weerligstrale kom van die hemele af en skiet op die aarde neer. Wat is aan die gebeur?

“Kruip weg!” Christie gehoorsaam haar, maar beweeg skuif-skuif weer in die donker hoek. Karlien is bewus om te vlug is buite die kwessie. “Bly waar jy is, asseblief.”

Christie knik een keer gehoorsaam.

Karlien hou Christie heeltyd dop. Die dogtertjie is haar verantwoordelikheid om te beskerm. Verbeel sy haar of vorm vuur in haar hande? Sy skiet vuurballe na die tuig dat een metaaldeur ontplof. Wie is sy?

Hengse winde steek op. Snaakse wit strepe verskyn in die wolke, vorm klein tornado’s. Warrelwinde

waai dakke van geboue af. Veiligheidsglase kraak, breek en glasskerwe spat rond. Deurkosyne ruk af, draai in sirkels na bo en val met ’n spoed langs haar neer. Is die gebeure opsetlik of wat?

Die buiteaardse wesens wil haar dood hê. Dit wil haar dood na ’n ongeluk laat lyk. Natuurlike rampe is die gedrogte se wapen.

Die onmenslike skepsele is intelligent. Gebruik insekte om slagting te pleeg: vreet die mensdom op. Misbruik nanotegnologie om illusies te skep: laat die mense glo hulle leef in ’n droomwêreld. Wesens lyk na insekte wat Afrikaans praat: sodat ons mense kan luister hoe vernietig ons die aarde. Natuurrampe verwoes ons menslike bestaan: voertuie, paaie en strukture. Dié is ons nuwe lewe, stad en begin. Hoe kan ons teen so spesie kragte meet?

Al wat gaan oorbly is die natuur. Al wat gaan oorbly is die wesens saam met dierspesies. Al wat dieselfde sal bly is die son wat sak en maan wat opkom. Die donkerte en die lig wat sal skyn. Al wat sal skitter is die sterre in die ruimte. Geen mens sal meer in Durban wees nie.

Dit wil ons stad regeer. Ons minerale steel, visse opvreet, kristalhuise op ons grondvlaktes oprig. Robotte

sal die areas patrolleer om mense uit te wis. Ons dierspesies sal gevang word om op te eksamineer. Niks van die Durbaniete sal onthou word nie.

Karlien kan die tuig hoor nader kom. Haar hande teen haar suisende ore. Haar liggaam raak slap, draai op haar rug, kyk na bo. Die blou pyp is bo haar kop, suig haar op. Sy kan nie registreer wat om haar aangaan nie. Haar stem eggo in die lug. “Christie! Waar is jy!” Sy wil haar help, maar kan nie ’n been of arm roer nie.

Christie gil. “Tannie!” herhaal sy drie keer.

Skielik raak alles stil in Durban.

## Die moedertuig

Karlien se liggaam beland in ’n ronde glas bal. Elke liggaamsdeel is aan die brand en elke spier pyn. Haar lyf was uitmekaar verdeeld, weer soos kleigrond inmekaar gedruk. Haar handpalms druk teen die dik glas. Sy kyk histeries rond, mense slaan gillend teen die glas. Waar is sy?

Geen mens kan uit die glasballe ontsnap nie. Meeste mense sit met hulle hande gefrustreerd in hulle hare. Mense se klere lyk vuil, gesiguitdrukkings in skok en lyftaal moeg. Almal wat gevang was, word nou gevange gehou. Sy wonder waar Christie is.

Karlien besef sy is binne-in ’n moedertuig. Die helderwit blink metaal wat die donkergroene metaalpype afrond. ’n Masjien wat lyk na ’n geraamte arm tel die balle op, rol dit rond en plaas dit in ’n soortvanne vertoonkas. Sy merk op grys wesens kom stel ondersoek in. Wat soek hulle meer van ons?

Was DNS nie goed genoeg nie. Nou wys wysvingers in ons mense se rigtings. Ons word verneder, uitgelag en bespot. Skielik word wit gas vrygestel deur pypies in een bal. Een man raak aan die slaap, uitgehaal en op ’n silwerblad weggestoot. Sy kan indink wat met hom gaan gebeur.

Wat tans in die tuig aangaan is skrikwekkend. Mense word aangehou vir bok vir sporte en sit in opwagting wat volgende gaan gebeur. Die glasballe beweeg heeltyd heen en weer asof sokker gespeel word. Onverwags beweeg hare noorde se kant toe, stop en druk teen die pyp vas. Hoe gaan sy hier uitkom?

Sy is vasgevang in ŉ nagmerrie. Probeer om haar magte te gebruik, maar haar poging misluk. Geen elektrisiteit speel oor haar vingertoppe nie. Wetend sy gaan nêrens heen nie.

Hoe gaan sy haar mense red? Karlien wil elkeen in die balle uit die kreature se web kry. Dis nie alleenlik ŉ oorlog nie, maar ŉ menslike uitwissing. Sy soek vrede in Durban, nie kreature wat alles uitvee nie.

Selfs onskuldige diere is in glasblokke vas. Karlien se wange word klam en sy vee die trane weg. Die diere se DNS word gebruik om te toets. Die gebroedsels wandel rond en verslind mense. Sy hou niks van wat sy tans sien nie. Alles is tragies wat binne gebeur.

Karlien kry blink planne. Een van die drie probeerslae om te ontsnap sal werk. Eerstens, stamp sy haar vuiste hard teen die glas, dit misluk. Tweedens, stamp sy heen en weer die bal teen die pyp, niks nie.

Laastens, gebruik sy haar energie en druk die bal vorentoe en agtertoe, iets gebeur. Gaan sy slaag?

“Dis nou of nooit nie, verdomp.” Sy bol haar vuiste, slaan weereens teen die bal, toe dit effens skuif. “Ek sal ontsnap.”

Sy kyk op na die metaalpyp wat die bal vashou. Elektrisiteitsdrade is los, die bal het ’n reëlmatige beweging en hang aan ’n draadjie. Die wesens kan tuie bou, dis al. Verder is die kreature die vernietigers van haar tuiste.

Die bal breek van die drade af. Rol in alle rigtings, stamp teen glasblokke en plons teen ’n metaalmuur vas. Die glas kraak, Karlien skop die bal stukkend en ontsnap. Glasskerwe lê orals op die metaalvloer rond. Die glasbal is glad nie so sterk nie.

Karlien kyk om haar rond na al die gevangenisse. Alle oë is nou op haar gefokus, omdat sy vry is. Sy loop na al die verskillende snaakse borde toe. Meeste van die borde lyk na skakelborde om masjiene te beheer. Die knoppies lyk na halwe groen eiers met jellie in. Sy druk op die knoppies, iets skuif oop en lig skyn in. Is daar hoop vir haar mense?

’n Metaaldeur is oop. Sy trek haar oë op skrefies, want die buitelug belemmer haar visie. Haar mense kan

nou ontsnap. Sy moet uitvind hoe die kontroles werk om die balle oop te kry.

Karlien kyk om haar rond vir enige wapen wat kan help. Sy sien ŉ groen pyp naby haar lê, gryp dit en slaan die kontrole stukkend. Blou elektrisiteit skiet uit die bokse, glasballe skuif oop en mense hardloop vir die uitgangsdeur. Selfs diere spartel rond om uit te kom. Haar mense is vry!

"Gaan uit mense. Die wesens gaan julle weer vang." Gee sy die bevel en gooi die pyp op die vloer neer. Kyk na die mense wat uithardloop. Sy kyk in Christie vas wat verbouereerde eenkant staan. Vinnig loop sy na die kind toe, druk haar hand in hare en stap terug na die kontroles toe. "Luister, Christie. Ons gaan die moederskip vernietig. Sal jy my help?"

Christie knik. "Ja, ek sal, tannie."

Karlien is bly oor haar antwoord. Sy wil nie Christie aan geweld bekend stel nie, maar die tuig moet val. "Dankie, kinta," sê sy en vryf oor haar Gouelokkies hare.

Christie en Karlien span albei hulle kragte saam. Vuurballe vorm in Christie se handpalms en elektrisiteit kriewel op Karlien se vingers. Vuur skiet na die balle en elektrisiteitstrale breek pype af. Glasballe rol rond,

infrastrukture lê orals en masjiene is verwoes. Nou sal die wesens voel waardeur die mensdom gaan.

Karlien kyk diep in Christie se hemelblou oë. Sy wil nie die volgende repliek nie: "Ons werk is glad nie klaar nie. Ons moet die ander binne ook red."

Haar oë rek groot. "Waar is die ander?" wil sy weet.

"In ander kamers," is al wat sy uitkry.

Karlien hou Christie se hand vas terwyl hulle die lang wit gange afstap. Karlien maak versigtig een metaaldeur na die ander oop. Haar hart se kloppings is abnormaal, haar woedemeter styg en trane sluk sy af. Mense plat lê op silwer enkel-beddings, en word op geëksperimenteer vir hulle organe. Hulle kan nie meer gered word nie.

Karlien en Christie stel ondersoek in die ander kamers. Die een kamer is vol van vertoonkaste met speserye en kruie in glasvase. Die wesens gebruik ook grond om saad in te plant. In die ander kamers word ruimtuie gebou. Glaskoepels met groente en vrugte in geplant. Hulle gaan loer in die laboratorium, gil wat hul in die oog kry. Dier en insekte se DNS word gemeng om een spesie te vorm.

“Kom ons verlaat die aaklige tuig,” stel Karlien voor.

“Ek wil nie meer hier binne wees nie.”

“Ek stem saam.” Haar hart gee steekpyne. “Dis tyd dat die mensdom terug baklei.”

Die metaaldeur skuif agter hulle rûe toe. Karlien en Christie staan op die grasperk en kyk na die moedertuig. Wat is die volgende stap?

“Hoe gaan ons terug baklei?” wil Christie na ’n ruk weet.

Karlien sug hardop. “Ons gaan ons magte gebruik.” Sy wonder of dit sal werk nes in die flieke. “Kry jou vuur talent reg. Ek kry my elektronika reg.”

Christie onseker frons. “Wat gaan ons met ons magte maak?”

“Die moederskip vernietig,” is haar antwoord.

Christie bly liewer stil.

Die terug baklei begin. Christie skiet vuurballe na die tuig se masjiene. Karlien volg haar voorbeeld en laserstrale skiet orals op die tuig. Die tuig skuif in die lug rond, wieg heen en weer en sak op die grasperk neer.

Karlien gryp histeries Christie se hand. Hulle hardloop weg van die tuig wat oor die grasperk skuur en op hul afpyl. Die tuig se neus druk teen die boomstam

waaragter hulle wegkruip. Boom-Bang! ŉ Hengse ontploffing gebeur. Karlien loer om die boom. Die tuig is aan die brand, die metaaldeur skuif oop en wesens skarrel rond.

“Kom ons gee hier pad. Ons wil nie weer gevang word nie. Ek wil nie hê ons moet in ŉ ander tuig beland nie.”

Christie knik saam. “Ek wil huis toe gaan.”

“Ek ook.” Karlien weet om huis toe te gaan is buite die kwessie. Sy wil weet of haar ouers leef, Christie ook. “Waar is jou ouers?” voeg sy by.

“Miskien by die huis.” Kom dit onwetend uit.

“Waar woon jy?”

Christie lig haar skouers op. “Ek kan nie die straatnaam onthou nie.” Arme skoolkind, sy sukkel met geheueverlies as gevolg van skok.

Vrydag het rof begin met kreature. Saterdag word mense die sprinkane se slawe. Watse verrassing hou Sondag in?

“Jy sal wel begin om te onthou,” laat sy Christie beter voel en gee ŉ flou glimlag. Nou begin sy skuiling soek; die grys wesens soek wraak. Dit kommunikeer met mekaar in ŉ tik-tak taal. In die verte kom rook uit ŉ skoorsteen, wetend dis waarheen hulle sal vlug.

Karlien tel die kind op. Sy is nie juis liggewig nie, weeg 7 kg nes 'n sak aartappels. Sy hou Christie stewig vas op haar heup.

Hardloop tussendeur die bosse om by die huis te kom. Trippel op die rooi betontrappe, klop aan die voordeur. Die wesens is op hulle spoor en moeilikheid is op pad.

"Maak oop, seblief! Ons kort hulp!"

"Maak oop!" volg Christie haar voorbeeld.

Na die sesde klop maak iemand oop. Die man lyk stug en nie lus vir kuiergaste nie. Hy kyk die twee vreemdelinge goed op en af. "Wie is julle twee? Vra hy, ongeskik en sy oë op skrefies.

"Dis nie nou belangrik nie, oom," sê Karlien. Die gryskop man lyk deur die blare, hare staan wild en klere verbleik.

"Ja, ja, kom in," kom dit langdradig uit.

Karlien knik dankbaar. "Dankie."

Die houtdeur word gesluit. "Wat soek julle in die omgewing?" vra hy nuuskierig.

Karlien druk angstig hare agter haar oor in. "Buiteruimtelike gedrogte neem Durban oor. Ek vlug al vir twee dae lank. Dit is op pad hierheen."

Die man tel die televisiekontrole van die rusbank af op. Hy skakel die TV aan en verander die kanale. Die middagnuus gons oor wat aangaan. Die nuusleser sê: “Te danke aan NASA se satelliete, wys ons julle die ruimtetuie video”. Sy waarsku almal in die stede om pad te gee: “Kry skuilings so gou as moontlik,” klink die nuusleser ernstig, toe vrek die sein.

Karlien besluit om te vra: “Het oom ’n kelder?”

Die man se grysblou oë rek. “Ja,” kom dit kortaf uit.

“Ons sal daaronder wegkruip.”

“Dis julle skuld. Julle bring die wesens na my huis toe,” skel hy op hulle. Hitte stoot in die man se nek op.

“Jammer oor die ongerief. Daar was geen ander uitweg nie. Ons moes vlug hiernatoe.”

Karlien luister na voetstappe op die dak. Die wesens is klaar by die huis. Al wat hulle kan verrig is om weg te kruip. Sy wil haar magte gebruik, maar bedink dit. Buitekant kan honderde van die wesens wees. Nou sal hulle nie kan terug baklei nie.

Christie se kop werk anders. Sy ruk die deur oop, skiet vuurballe na die gedrogte en dit hardloop weg. “Vrek julle skarminkels!”

“Nee, Christie!” gil Karlien, en tel haar op. Sy skop die deur toe, sluit alles en sit haar in die sitkamer neer. “Jy vererger die situasie. Los die kreature uit.”

“Jy hoop so,” mompel die man en druk die kontrole se rooi knoppie. Hy haal sy haelgeweer van die muur af, laai dit vol patrone. Die man lyk minder vies; ondersteun hulle eerder.

“Ons waardeer die hulp, oom.”

“Ek is nie julle oom nie, okei. Noem my Cornelius Brink.”

Karlien kan nie help om te glimlag nie. “Dankie, Cornelius.”

Dis skielik stil buitekant. Geen voetstappe hoor sy op die dak nie. Sy loop na die venster en tuur uit oor die bos, geen wesens nie. Dankie tog!

Christie se taktiek het gewerk. Sy streel dankbaar oor die kind se hare. “Dankie vir jou braafheid.” Sy as grootmens wou nie waag nie, maar Christie het geslaag. “Sal ons Durbaniete terug baklei?”

Cornelius antwoord haar terug. “Ek ken mense wat ons sal help veg.”

Wat die ou man sê klink belowend. Gaan hulle wil help Durban te verdedig? Dis die groot vraag.

**Die oorlog**

8 Desember

Meer as 3, 228, 003 mense woon in Durban. Die televisienuus wys die populasie het baie gekrimp. Tans woon 150 000 Durbaniete in dorpe. Die meeste kruip weg ondergronds om nie opgevreet te word nie. Kreature, mense slawe en wesens vermeerder by die dag. Dis tyd vir kunsmatige intelligensie om oor te neem. Watse ander uitweg is daar?

Dekades gelede het Suid-Afrika begin om robotte te ontwerp. Vandag gaan al ons tegnologie op die proef gestel word. Outomate, militêre masjiene en robot-soldate. Ons is op ŉ Sondagoggend gereed vir aksie!

Dis soos die Bybel sê: “Verkoop jou besittings en koop wapens om jou gesin te beskerm.” Vandag is ŉ uitsondering, elke mens kort beskerming. Niemand gaan meer wegkruip nie, behalwe kinders saam met ŉ voog.

Geen witvlae om asiel aan te teken nie. Elke man en vrou sal die skuilings verlaat, wapens optel en terug veg. Durban sal geskiedenis maak, in die boeke opgeskryf word en die wêreld sal gons oor ons stryd. Sal ons die veldslag oorwin?

Die klanke van bomme kom al nader die plaashuis. Soldate skiet kreature en buiteaardse wesens vrek. Ruimtetuie val in die oseaan, op landskappe en geboue. Op die een video verlaat tuie die aarde terug ruimte toe. Karlien glo nie die wesens te tuiste is op die melkweg nie.

Joernaliste is vreesloos. Geen oorloë kan ŉ rubriekskrywer keer nie. Daar waar ŉ storie is, is elke man of vrou eerste op die toneel. Foto's word geneem, aantekeninge word in notaboekies geskryf. Die internet gons oor al die video's en prente. Dis alles te danke aan die artikelskrywers.

Die helfte van ons vreeslose mense is deur kreature verslind. Al wat gaan oorbly is jongmense en kinders. Durban se toekoms lyk bleek. Wat gaan van Christie word?

Karlien wonder of hulle albei se ouers leef. Sy mis haar ma se sprankelende glimlag, swart lokke wat op haar skouers hang. Haar pa is die een wat haar altyd skelm meer sakgeld gee. Sy is ŉ alleenkind wat bederf word. Haar hart gee onreëlmatige rukke en vee met die agterkant van haar hand nat wange af. Sy verlang na haar ouers.

Karlien skakel die TV af. Elke kanaal is vol negatiewe energie. Die mense treur op die nuus wat in Durban aangaan. Niks is tans positief nie. Om ŉ oorlog te voer is al opsie, want die mense wil vry wees. Ons wil weer in vrede saamleef. Dit hang van elkeen af wat wil deel word daarvan.

Meganiese mense werk saam met die militêre dienste om pligte uit te voer. Die sis-sas-his weergalm in die strate. Koeëls skiet, granate val, ammunisie werk oortyd. Wie gaan die oorlog wen?

Karlien kry die idee om haar magte te gebruik. Elektrisiteit kan groot skade aanrig, kom sy agter. Christie sal haar vuurballe soos altyd gooi. Die kind is bang vir niks nie. Alles maak Karlien skrik op die lyf, al wil sy dit nie erken nie.

Karlien roep die kind. “Ons het werk om te doen.” Binne minutus daag die kind op met ŉ toebroodjie in die hand.

“Watse werk, tannie?”

Karlien buk effens af en kyk diep in die kind se oë. “Ons gaan die kreature finaal plat slaan,” sê sy met ŉ glimlag.

“Kan ek net klaar eet?” mompel sy met ŉ mond vol kos.

Karlien knik een keer. “Ja, jong.”

Christopher kom in die sitkamer. Die haelgeweerband is om sy linkerskouer. Die geweer stewig in sy hand, reg vir aksie. Sy vinger op die sneller. Om sy middellyf is ’n swart belt met koeëls in.

Hy maak keel skoon voordat hy praat. “Ek het die hele span gebel. Almal is op pad om saam te help baklei.”

“Wie is die mense, oom?” wil Karlien nuuskierig weet. Sy druk senuagtig swart hare agter haar oor in.

Hy glimlag geheimsinnig. “Jy sal sien wie hulle is,” is al antwoord wat sy terug ontvang.

Na ’n uur daag die span op. Karlien kyk na die ouerige mans wat planne beraam in die sitkamer. Al die twintig manne kom van die aftreeoord af. Hulle is oud, maar ken van wapens gebruik.

Die leë koppies staan op die houttafel. In die middel van die ronde tafel is ’n geografiese kaart. Met penne in die hand word kruise op die kaart gemerk. Elkeen bespreek die hoeveelheid wapens nodig vir die oorlog. Hulle praat ook waar elkeen op diens gaan wees. In die ou dae het hulle die vyand bekruip, tans gaan dieselfde gebeur. Agter geboue, bosse en rotse

skuil is die plan. Nou gryp bejaardes in om te help. Gaan hulle slaag?

Karlien kyk op na die kruisboog wat teen die baksteenmuur hang. Die wapen lyk oud soos die berge, maar nuttig. “Ek sal die kruisboog gebruik,” tjip sy in, en alle koppe draai en bly op haar gefokus.

Christopher begin te lag. “Jy wil die antieke wapen gebruik. Weet jy ooit hoe werk die ding?”

“Natuurlik, ja. My Pa het sy boogskutter aan my geskenk,” praat sy die waarheid.

“Nou maar goed dan. Moenie dit opfoeter nie. Dis duisende rande werd.”

Karlien gee ’n flou glimlag. “Ek verstaan. Ek sal versigtig wees. Dis ’n noodsaak.”

Christopher bly stil.

Sy wil nie aan die mans haar magte verduidelik nie. Anders gaan hulle dink sy is ’n buiteruimtelike wese, en dit geld vir Christie ook. Sy sal hulle albei se lewens in gevaar sit. Sy wil koeëls in haar lyf vermy, so sy hou die geheim.

Die mans kry alles uitgesorteer. Ammunisie is reg om te gebruik. Sy hou die kruisboog in albei hande vas, rugsakbande om albei skouers en pyle in die sak. Tyd om die wiel aan die rol te sit.

“Die vyand gaan verslaan word,” sê een van die mans hardop. Dit klink vir haar of hulle opgewonde is oor die veg.

Toe ’n skerpioen-spinnekop deur die vensterruit spring. Die ding storm op Christopher af. Hy mik sy geweer op die kreatuur. Twee skote vuur af, reguit in die kop. Die gebroedsel sak inmekaar op die houtvloere neer. Oranjeagtige slym vloei uit die spinnekop se kop. Gelukkig is die mutasie vrek.

Karlien gril. Sy hou haar maag vas, naarheid stoot in haar keel op. Om na die slym te kyk gee haar hoendervleis op haar vel.

Christopher tuur uit na buite. “Ons is omring van kreature. Maak gereed om te skiet!” gee hy die opdrag, en almal binne voer die bevel uit.

Meer reuse insekte breek vensters, kom binne en maak amok. Geweerskote vuur orals af, terwyl Karlien onder ’n tafel wegkruip saam met Christie.

“Ek wil weer vuur skiet,” sê Christie.

“Nee!” praat Karlien hardop.

“Hoekom, tannie?”

“Dis te gevaarlik. Ek is verantwoordelik vir jou. Laat die ander mense help.”

Christie se skouers sugtend sak. “Okei,” sê sy kortaf.

Ná ŉ halfuur is die gebroedsels verslaan. Die mans gaan buite, skiet grys wesens dood en veg voort. Karlien steek Christie in die vertoonkas weg. Wetend die kind kan na haarself omsien, maar dis veiliger. Sy aan die anderkant gaan hulle help om die buiteruimtelike wesens weg te dryf. Die tyd is tans reg daarvoor. Viva ons volk, Durban en tegnologie!

Karlien trippel die betontrappe af. Sy kry die kruisboog reg, druk ŉ pyl in en mik dit op enigiets wat vreemd lyk. Die sis-sas geluide kom nader. Sy kyk op na bo, ŉ donkerkol breek deur die dik pofferige wolke. Dit is ŉ ruimtetuig.

Die tuig se skadukol wys donker op die grasperk. Die metaaldeur skuif aan die onderkant oop. Honderde sprinkane hop uit. Wat op dees aarde soek die goggas by die plaashuis?

Karlien herken die een sprinkaan met die deursigtige vlerke. Die ding hop na haar toe, fladder vlerke en hou haar stip dop.

“Boggers of, insek!”

“Ek is nie teen julle spesie nie. Ek is saam met julle.”

Karlien diep frons. “Hoekom?” vra sy kortaf, nie lus om met die gogga te uiter nie.

“Kom ek verduidelik. Die grys buiteruimtelike wesens neem ons gevange. Ons ster word Ajanta genoem. Ons ster was vernietig. Ons soek vryheid ook.”

“Wat is Ajanta?” wil sy weet.

“Ajanta word Sirius genoem. Dit is ŉ ster in die buitenste ruimte. Die helderste een en staan ook bekend as die honde ster. Die ster is binne die melkweg. Ons ster is nou ŉ massiewe asteroïed wat in die ruimte rond dobber.”

“O, ek sien. Hoekom ons mense vir slawerny aanhou?”

Die sprinkaan se swart oë rek. “Dis nie ons skuld nie. Blameer die grysaardige kreature daarvoor. Ons voer net die opdragte uit. As ons nie gehoorsaam is nie, word ons spesie vir die kreature gevoer.”

Karlien onthou die dooie sprinkane op die oopveld. Sy verstaan alles beter en kry meer respek vir die sprinkane. “Hoe was Sirius vernietig?”

“Met nanotegnologie. Sulke klein heldergroene blokkies. Dit het gevoel of ons ster ontwerklik is, asof ons droom.”

Karlien lag. “Ek ken die gevoel.”

“Kom ons wis die gemors uit!” skree sy hardop.

“Ek stem saam, mens-vrou.”

Sy hou haar stip dop. “My naam is Karlien, sprinkaan.”

“Noem my Ajax, seblief.”

“Okei, Ajax. Kom is eindig die oorlog.”

Om al die verskillende spesies skiet koeëls en laserstrale die oopveld vol. Ajax handig aan haar ’n laserwapen. Groen lasers skiet al die kreature uitmekaar dat geel etterige bloed orals spat. Sprinkane byt wesens se koppe af en gooi dit rond. Goeie genade, dis ’n slagveld!

’n Lang ruk later eindig die bloedvergieting. Die mense wat oorbly is beseer, maar meeste is dood. Sprinkane neem die grys gedrogte gevange in die tuig. Karlien bedank Ajax vir haar hulp, en gaan bêre die kruisboog. Wie het sy van vergeet?

“Christie!” Sy loop na die vertoonkas, maak die houtdeur oop. Christie slaap soet tussendeur al die chaos. Haal die kind uit, loop op die trappe en sit haar op die dubbelbed neer. Sy gaan haar nie versteur nie.

Karlien kyk na haar skerpioen in die muurspieël. Die robot gaan aan haar nek kleef soos ’n parasiet. Nou

weet sy hoe die wesens haar gevind het. Die robot werk soos ʼn GPS, sy was agtervolg. Gaan sy die ding afkry?

Karlien skrik toe Ajax die kamer binne kom. “Ons is vry. Ons gaan weer ʼn ster vind om op te woon,” bevestig sy openlik.

“Ek het ʼn beter idee. Help my om die GPS-robot af te haal. Ek sal vir julle ʼn beter woonplek kry.”

“Watse woonplek nogal?”

Sy glimlag geheimsinnig. “Jy sal sien.”

Ajax haal Karlien en Christie se robotte af. Die sprinkaan trap die robotte flenters dat vloeistof die mat verkleur. “Julle is nie meer slawe nie.”

“Wat bedoel jy met slawe?”

“Die wesens wou dié vang wat gebrandmerk is. Aanhou vir slawe. Nou is julle verlos.”

“Ek wil net weet oor my en Christie se magte. Waar kry ons dit?”

Ons werk met die robotmiere. Jy en Christie se immuunstelsels kan die magte hanteer. Julle DNSSE was die bewys daarvan.”

“Dankie vir die magte. Mag ons dit hou?”

Ajax knik. “Dis ons geskende aan julle twee.”

“Drink jy moerkoffie?” wil Karlien tergend weet.

“Wat is moerkoffie?”

“Kom ek gaan maak vir ons,” lag sy.

## Die nuwe Durban

6 April 2031

Dit is ŉ Sondag. Die wolke lyk na dun repies spek in die silwerbloue lug. Die son helder die donker skaduwees op. Seemeeue sweef saam met die bries, land op die see. Seegolwe spat donkersjokolade rotse nat. Druppels spat teen Karlien se pienk wange. Die hitte is vandag erg in Durban. Alles is reg wat nie verkeerd is nie.

Vier maande gelede was Durban in chaos gedompel. Vandag lyk die stede vyftigpersent beter. Werkers is besig met bouwerk. Geboue word herbou, die buiteruimtelike wesens se strukture word afgebreek. Boere kan in vrede boer na die gebeurtenis. Oopvelde is weer skoon na eiers met vuur gespuit was. Reuse voëlneste lê op die grond. Op molgate groei weer groen gras. Elke monster is vrek en meeste grys wesens ook. Dié wesens wat gevlug het sal nie gou terug keer nie. Durban begin weer te blom.

Die Durbaniete het die oorlog oorwin. Beseerde brawe mense se wonde het vinnig genees. Die militêre soldate word vereer vir hulle dienste. Robotte sal permanent aan diens wees en plekke patrolleer vir veiligheidsredes. Wetenskaplikes eksperimenteer met buiteaardse nanotegnologie om toekomstige vyande te

vermorsel. Ons tegnologie is dalk nie miljoene keer sterker nie, maar onsin het gewen. Laat dit ’n les wees vir die gebroedsels.

Al die slawe, insluitend Elise, kry terapie by die beste sielkundiges. Elkeen se nek robot is ook verwyder. Hulle begin weer normaal te voel, aan te pas by die omgewing. So nou en dan kuier sy by haar op die plaas. Sy mis vir Ben elke dag.

Wat Cornelius betref, hy leer die jongmense om ammunisie te gebruik. Die ander mans in die aftreeoord vertel skrikmaakstories om braaivleisvure, “Die ‘aliens’ wou regeer, maar ons was slimmer gewees.” Sulke tipe stories, wat enigiemand sal sweet- en angsdrome gee.

Almal in Durban maak ’n verskil. Mense skuil glad nie meer ondergronds nie. Winkels het heropen. Leerders kry onderrig in laer- en hoërskole. Universiteite en kollegas leer studente oor die buiteruimte, verskillende tydruimtelike wesens en DNS. Polisie word beter opgelei met lasterwapens te danke aan die sprinkane. Werktuigkundiges word akademies en bou ruimtuie wat in die lug kan sweef. Ons bereik elke dag nuwe hoogtes.

Die natuur speel tans ’n groot rol. Binne-in berggrotte skuil treine vir ingeval ander spesies ons

weer wil aanval. Sodra die trein ’n ander bergrot bereik val die berghang met klippe toe. So ook die treinspore verdwyn onder die see. Diep binnekant die grot leef ’n nuwe wêreld. Hoë rotse, waterpoele, grasperke, bonsai bome, blombeddings en grothuise. Elektrisiteitsdrade word aangelê om ligte aan en af te skakel. Straatligte, huisbuisligte en lampe is noodsaaklik. Geen gas of paraffien is toelaatbaar nie, om ontploffings te keer. Die natuur word tot ons voordeel gebruik.

Die sprinkane is ’n ander storie en ’n half. Ná ’n lang konfrontasie tussen mens en insek woon die spesie in Durban. Sprinkane help boere met hulle trekkers, stropers, spuite, planters, hooimaak toerusting en vee. Daar word geplant, later weer geoes. Wat jy saai, sal jy maai, is die sprinkane se leuse, so ook die mensdom sin.

Die nuwe seisoen is op pad. Alle voedsel word geberg vir noodsaaklikhede in groenhuise en fabrieke. Sprinkane is lief vir plante eet, en eet die helfte van sy gewig daagliks. Kos is belangrik vir hulle. Die insekte vlieg in swerms, eintlik is die Afrikaanssprekende spesie treksprinkane. Almal maak gereed vir winter.

Karlien kyk na Christie wat ’n sandkasteel bou. Die kind hou haarself besig met allerhande speelgoed.

Ná haar ouers se dood, is sy pleegma en sorg vir al haar behoeftes. Haar ouers is doodgebyt deur kreature. Dit was baie traumaties vir haar en sy is net sewe jaar oud.

"Is jy honger, Christie?"

"Ek is lus vir skyfies en visvingers."

"Ek sal vir ons by die huis maak," sê sy glimlaggend."

Christie staan regop met jollerige hande in die lug. "Jippy!"

Sy weet die kind is mal oor seekos en aartappels. Dankie tog sy wil dit nie elke dag eet nie. Karlien lag ingedagte. "Kom ons gaan huis toe."

Karlien verlang na haar ouers. Wat met Christie se ouers gebeur het, was hare se lot ook. Dit was nie die mens se skuld nie. Die aanval was aan alle kante, dis ʼn prestasie ons het gewen.

Karlien hop soos sy skrik toe iets aan haar skouer raak. Sy draai om, kyk in Ajax se bekommerde swart oë vas. Sy hou van die spesie. Wens net sy wil ophou haar onverwags skrik op die lyf jaag.

"Koffie is lekker," erken Ajax.

Sy lag kort. "Koffie bring my deur die dag." Hoekom lyk Ajax bekommerd?

“Daar is iets wat ek vergeet het om jou te vertel.” Ajax sien Karlien se wenkbroue onseker lig.

“Wat is dit nogal?”

Toe ’n reuse seemonster stadig uit die see ruis. Die gebroedsel lyk na ’n jellievis en seekat kruising. Christie kruip dadelik weg en Karlien beskerm haar. Die ding se lang tentakels probeer Ajax te gryp; misluk. Haar sterk agterpote skiet die lug in en kruip agter rotse weg. Karlien ruk haar laserwapen uit, skiet paar keer en die ding dryf op die oppervlak.

“Is die monster dood?” vra Christie wat agter Karlien se bene wegkruip.

Ajax spring na die seemonster toe. “Ja.”

Karlien lig ’n kwaai wenkbrou. “Wat wou jy my vertel het?”

“Bly weg van die see. Dis gevaarlik. Ek sal die krygskundiges vra om hier ook te patrolleer. Om enige onbekende seedier te skiet.”

“Dit klink goed vir my. Volgende keer waarsku my, seblief,” klink Karlien omgekrap.

“Die grys wesens het silwerballe in die see gegooi. Die seekreature was een van hulle beste navorsing gewees.”

“Ek onthou die balle,” erken Karlien. Dit was viseiers in die balle wat in reuse seediere verander het.

“Ons sal die gebroedsels uitwis,” belowe Ajax. “Gee my die wapen.”

Karlien oorhandig die wapen aan haar. “Ons is ’n span. Ons sal dit vrek maak.”

“Jaaaa,” kry Christie ook ’n woord in.

Toe twee seekreature uit die waters te voorskyn kom. Op Karlien se vingertoppe speel die elektrisiteit. Christie se vuurballe in haar handpalms. Ajax hou die laserwapen reg. Al drie van hulle is gereed vir aksie. “Ons sal wen!” sê al drie gelyk.

Die einde.